# STRATEGIESE OMGEWING ASSESSERING

VIR DIE VOORGESTELDE
BOEGOEBAAI HAWE,SPESIALE EKONOMIESE SONE & NAMAKWA-STREEK

**21 - 23 April 2026**

## Openbare inligtingsessies

## Werkpakket 2 terugvoering

| Dorp/Gemeenskap | Datum | Plek | Tyd |
|---|---|---|---|
| Springbok | 21 April 2026 | Libra Hall: Libra Street, Bergsig, Springbok | 09:00 – 11:30 |
| Port Nolloth | 21 April 2026 | Port Nolloth Community Hall | 13:30 – 16:00 |
| Pofadder | 22 April 2026 | Blyvooruitsig Community Hall | 12:00 – 14:30 |
| Garies | 23 April 2026 | Garies Community Hall | 10:00 – 12:30 |

**Welkom!**

CSIR
Touching lives through innovation

# Doel van die sessie/s

***'n Platform vir B&GP's om betrokke te raak en insette te lewer op die SOA-uitsette***

- **Deel** met belanghebbende en geinteresseerde partye (B&GPs):
  - **Wat is die SOA*** en **wat is die vordering dusver** op **Werkpakket 2 (WP2 – groter Namakwa streek)**.
  - **Wat is die konsepbevindinge** van die spesialis studies (WP2).
- **Onvang terugvoering** vanaf B&GPs op die SOA bevindinge.



- **Belangrik!**
  - Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), as koördineerder van die SOA, is **onafhanklik**.
  - Die spesialiste wat die spesifieke studies onderneem het, is **onafhanklik**.
  - Die doel van die SOA en sessie/s is **<u>nie</u> om die ontwikkeling te bevorder of ja/nee antwoorde te verskaf of besluite te neem nie.**
  - Die doel van die SOA en sessie/s is om die **moontlike geleenthede en risiko's** wat die voorgestelde ontwikkeling bied, gebasseer op **wetenskaplike bewyse**, te ondersoek en oor te dra.
  - Die SOA beoog om 'n **gestruktureerde en inklusiewe fondasie vir besluitneming** te skep en om te verseker dat enige toekomstige beplanning vir die voorgestelde Boegoebaai Hawe, SES, en groter Namakwa streek, ekonomiese groei, omgewingsbeskerming en gemeenskapsvoordele balanseer.
  - Die SOA sal **<u>nie</u> die vereistes vir toekomstige projekvlak OIS* vervang of verminder nie**.

** SOA: Strategiese Omgewing Assessering; SES: Spesiale Ekonomiese Sone; OIS: Omgewingsimpakstudie*

# Wat is groen waterstof en 'Krag-na-X' produkte?

- Groen watersof ($GH_2$) en 'Krag-na-X' (KnX) produkte is **alternatiewe brandstowwe en chemikalieë** wat deur **hernubare elektrisiteit** (bv. son- en windkrag) geproduseer word.
- Industrieë, voertuie en toerusting wat normaalweg deur petrol / diesel / steenkool / koolstofintensiewe insette gedryf word, kan eerder $GH_2$ / KnX as 'n **omgewings- en klimaatvriedelike alternatief gebruik**.

Hoof komponente:

**Water**

•Ontsoute see / afvalwater

**Energie**

•Hernubare krag, kraglyne ens.


**$GH_2$/KnX Produksie**

•D.m.v elektrolise

$H_2O \rightarrow H_2 + O$

**$GH_2$/KnX Berging en Aflewering**

•Tenks, trokke, spoorweë, pyplyne, skepe.





Krag--------------------na---------------------X

# Oorsig van die SOA

***Om die ontwikkeling van 'n geïntegreerde besluitnemingsraamwerk vir die beplanning van die voorgestelde Boegoebaai Hawe, SES, en die groter Namakwa streek op 'n volhoubare wyse te lei.***

## Hoekom is 'n SOA nodig?

- Grootskaalse ontwikkeling om $GH_2$ te produseer sal baie direkte en indirekte impakte hê, beide positief en negatief.
- Infrastruktuur, insl. gekoppelde vervoerroetes, kan groot grond-oppervlaktes en hulpbron insette benodig.
- Alhoewel die streek yl bevolk is, is dit ekologies sensitief met vele bestaande - en moontlik mededingende - grondgebruike, soos bewaring, landbou, visvang, toerisme, mynbou en ander lewensbestane.
- Vereiste vir nuwe hawens i.t.v. die wet ("*National Ports Act*") – WP1




**WP2 – die fokus van dié rondte inligtingsessies,*
*WP1 sessies het op 12-15 Augustus 2025 plaasgevind.*

**WP1** Skaal: strategies, maar **plaaslik**; Uitsette: leiding vir **projek-vlak (hawe+SES)** ontwikkelingsbeplanning, uitlegbeplanning, vatbaarheidstudies, omgewingsimpakstudies en besluitneming.

**WP2** Skaal: strategies, scenarios-gerig, **streek**; Uitsette: leiding vir **groter Noord-Kaapse $GH_2$ beplanning**, met die oog op kumulatiewe geleenthede en risiko's.

# $GH_2$ ontwikkelingscenarios:

- Scenarios is gebruik om beide die skaal en implikasies (risiko's en geleenthede) van $GH_2$-ontwikkeling in die streek te verbeel en verken.
- Hoe kan 'n groot $GH_2$ -ekonomie in die Noord-Kaap, in terme van die aard, skaal en ruimtelike voetspoor van infrastruktuur en ontwikkeling, lyk?
- Watter moonlike **kumulatiewe positiewe en negatiewe impakte** van $GH_2$ -ontwikkeling kan verwag word, en watter strategieë om **voordele te versterk en nadelige gevolge te verminder**, kan geïmplimenteer word?

| **[Scenario 0]**<br>**Dinamiese basislyn, 2023–2050** | **[Scenario 1]**<br>**"Klein $GH_2$" (teen 2030)** | **[Scenario 2]**<br>**"Groot $GH_2$" (teen 2050)** |
|---|---|---|
| Veronderstel:<br>**Geen $GH_2$, geen hawe, geen SES ontwikkel word nie.**<br><br>• Aangaande tendense duur voort:<br>  • **Klimaatsverandering;**<br>  • **Ontwikkelingsaktiwiteite en -voorstelle** (bv mynbou, hernubare energie);<br>  • **Biodiversiteitsverlies;**<br>  • **Waterskaarste;**<br>  • **Werkloosheid;**<br>  • **Munisipale kapasiteit;**<br>  • **Markdinamika.** | Veronderstel:<br>*boonop impaktendense onder Sc0*<br><br>• **5 GW elektrolise** om ~ 1.4 mtpa $GH_2$ te produseer;<br>• **10 GW hernubare energie** (~60% son / 40% wind);<br>• **Aanvanklike hawe en SES** onwikkeling (insluitend groen-ammoniak);<br>• **Aanvanklike lineêre infrastruktuur** - pyplyne, spoorweë, and kraglynskakels. | Veronderstel:<br>*boonop impaktendense onder Sc0*<br><br>• **40 GW elektrolise** ~ 4 mtpa $GH_2$ te produseer;<br>• **80 GW hernubare energie** (~60% son / 40% wind);<br>• **Uitgebreide hawe en SES** ontwikkeling;<br>• **Uitgebreide lineêre infrastruktuur** - pyplyne, spoorweë, and kraglynskakels. |

# Kenmerke en sensitiwiteit van die streek

## Opsomming van konsepresultate (WP2)

**Ekologie & Biodiversiteit:**
- Globale **biodiversiteit "hotspot"** (Sukkulent-Karoo & Nama-Karoo);
- Sleutel-**Biodiversiteitsgebiede** (KBA's); hoë endemisme; maar ondergaan klimaatgedrewe "verbruining";
- **Kusduine, Oranjerivier-korridor, Kamiesberge** = onvervangbare stelsels;
- **Ekologiese prosesse** – bestuiwers in blomryke struikveld, grondingeneurswese deur miere, termiete en knaagdiere, seisoenale amfibieë broei in panne, koppies is belangrik vir reptiele en klein soogdiere.


**Waterhulpbronne & Akwatiese Ekologie:**
- **Hiper-aried** (±60–215 mm/jaar reënval), hoogs afhanklik van grondwater;
- **Oranjerivier** is die enigste permanente bron;
- Baie **vleilande, panne en riviermondings** Krities Bedreig.

**Erfenis:**
- **Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap** (UNESCO Wêrelderfenisgebied);
- **Gemeenskaplike weidingslandskappe** (lewende erfenis);
- **Skilderagtige roetes** (N7, N14, R382) en kultureel betekenisvolle berge;
- Verspreide, dikwels ongemerkte, voorkoloniale **grafte**.

**Sosio-ekonomie:**
- Baie **lae bevolkingsdigtheid** (~1 persoon/km$^2$), **hoë werkloosheid, lae huishoudelike inkomste;**
- Sterk **myn**-erfenis; **toerisme** en **landbou** hoogs sensitief vir versteuring.

**Infrastruktuur & Beplanning:**
- Onder-druk **water- en rioolstelsels**, verouderde **paaie** (R382 krities), **elektrisiteitnetwerk** kapasiteit beperk;
- Beperkte **munisipale beplannings- en institusionele kapasiteit**.

## Strategic Environmental Assessment for the Namakwa region in relation to Boegoebaai Port & SEZ




- **Sleutelbeginsel** → "Laer sensitiwiteit" ≠ lae risiko → alle projekte vereis terrein-spesifieke verifiëring

# Impakte (positief & negatief) en versterkings/versagtingsmaatreëls

**Opsomming van konsepresultate (WP2)**

## EKOLOGIE EN BIODIVERSITEIT

**Moontlike positiewe impakte / geleenthede:**

**Moontlike negatiewe impakte / risko's:**

| | |
|---|---|
| **[Scenario 0] Dinamiese basislyn "Geen hawe, geen SES, geen $GH_2$" (2023–2050)** | |
| **Potensiaal vir ekosisteemstabilisering deur weidingshervorming en uitbreiding van beskermde gebiede** | **Voortgesette verwoestyning, habitatdegradasie en afname in biodiversiteit a.g.v. klimaatsverandering en onvolhoubare grondgebruik** |
| *Versterk: Weidingsbestuurshervorming; uitbreiding van beskermde gebiede en bewaringsooreenkomste* | *Versag: Verbeterde weidingsbeheer; anti-stropery; herstelprogramme* |
| **[Scenario 1] "Klein $GH_2$" (teen 2030)** | |
| **Strategiese biodiversiteitsverrekenings en befondsde bewaringsprogramme** | **Plaaslike habitatverlies, fragmentasie en botsingsrisiko** |
| *Versterk: Belyning van verrekenings met uitbreidingsprioriteite vir beskermde gebiede* | *Versag: Vermy HOË/BAIE HOË sensitiwiteitsgebiede; mikro-plasing* |
| **[Scenario 2] "Groot $GH_2$" (teen 2050)** | |
| **Landskap-skaalse bewaring deur programmatiese verrekening** | **Hoë risiko van onomkeerbare biodiversiteitsverlies indien vermyding faal** |
| *Versterk deur: Gekombineerde verrekeningsbank en bewaringsooreenkomste* | *Versag deur: Streng geen-gaan-sones; kumulatiewe impakdrempels; verrekening as laaste uitweg* |

# Impakte (positief & negatief) en versterkings/versagtingsmaatreëls

**Opsomming van konsepresultate (WP2)**

## WATERHULPBRONNE EN AKWATIESE EKOLOGIE

**Moontlike positiewe impakte / geleenthede:**

**Moontlike negatiewe impakte / risko's:**

| | |
|---|---|
| **[Scenario 0] Dinamiese basislyn "Geen hawe, geen SES, geen $GH_2$" (2023–2050)** | |
| **Geen merkbare voordele** | **Afname in waterbeskikbaarheid en -gehalte, verlies van waterlope en biodiversiteit.** |
| *Versterk : Noodsaaklik- beskerm gronwaterherlaaisones; verbeter waterbestuur en monitering* | *Versag: Opgradeer rioolsuiweringswerke; grondwaterbeskermingsmaatreëls* |
| **[Scenario 1] "Klein $GH_2$" (teen 2030)** | |
| **Ontsouting bied klimaatsbestand waterbron** | **Toenemende waterbehoefte en besoedelingsrisiko** |
| *Versterk: Integreer ontsoute water in munisipale stelsels* | *Versag: Ontsouting; streng plasing weg van SWSA's* |
| **[Scenario 2] "Groot $GH_2$" (teen 2050)** | |
| **Grootskaalse ontsouting verbeter langtermyn watersekerheid** | **Ernstige groundwateruitputting en riviermond degradasie** |
| *Versterk: Streeksvlak-waterbeplanning en bestuur grondwaterherlaai* | *Versag deur: Beskerm ekologiese vloei; ontsouting as primêre voorsieningsbron* |

# Impakte (positief & negatief) en versterkings/versagtingsmaatreëls

**Opsomming van konsepresultate (WP2)**

## ERFENIS HULPBRONNE

**Moontlike positiewe impakte / geleenthede:**

**Moontlike negatiewe impakte / risko's:**

| | |
|---|---|
| **[Scenario 0] Dinamiese basislyn "Geen hawe, geen SES, geen $GH_2$" (2023–2050)** | |
| **Geen merkbare voordele** | **Ongedokumenteerde verlies van argeologiese en lewende erfenis** |
| *NVT* | *Versag: Vroeë erfenissifting, selfs sonder grootskaalse ontwikkeling* |
| **[Scenario 1] "Klein $GH_2$" (teen 2030)** | |
| **Verhoogde erfeniskennis deur opnames en monitering** | **Versteuring van kus-argeologie en ongemerkte grafte** |
| *Versterk : Erfenis-gedrewe toerisme en aanpasbare hergebruik van strukture* | *Versag: Voor-konstruksie-opnames; toevallige vondsprosedures* |
| **[Scenario 2] "Groot $GH_2$" (teen 2050)** | |
| **Formele erkenning en mede-bestuur van lewende erfenis** | **Kumulatiewe verlies van kulturele landskappe** |
| *Versterk : Voordele-delings-ooreenkomste met gemeenskappe (FPIC-gebonde)* | *Versag: Uitsluiting van Wêrelderfenisgebiede en buffers; visuele impakbeheer* |

# Impakte (positief & negatief) en versterkings/versagtingsmaatreëls

**Opsomming van konsepresultate (WP2)**

## INFRASTRUKTUUR EN BEPLANNING

**Moontlike positiewe impakte / geleenthede:**

**Moontlike negatiewe impakte / risko's:**

| | |
|---|---|
| **[Scenario 0] Dinamiese basislyn "Geen hawe, geen SES, geen $GH_2$" (2023-2050)** | |
| **Beskeie nedersettingsgroei, beter dienste en beperkte ekonomiese en infrastruktuurontwikkelingsgeleenthede in sleuteldorpe.** | **Voortgesette infrastruktuurverval en lae gereedheid** |
| *Versterk : Basislyn ontbloot behoefte aan infrastruktuurhervorming - Prioritiseer instandhoudingsbeplanning en batebestuur* | *Versag: Inkrementele herstel van kritieke dienste* |
| **[Scenario 1] "Klein $GH_2$" (teen 2030)** | |
| **Katalitiese belegging in pad-, netwerk- en waterinfrastruktuur** | **Padskade en beplanningsagterstande** |
| *Versterk : Korridor-gebaseerde en nodale infrastruktuurbeplanning* | *Versag: Vroeë padopgraderings en versterking van beplanningskapasiteit* |
| **[Scenario 2] "Groot $GH_2$" (teen 2050)** | |
| **Spoor-, netwerk- en pypleidinginfrastruktuur herposisioneer streek** | **Institusionele oorlading en grondtoegangsvertragings** |
| *Versterk : Gefaseerde uitrol en nasionale-provinsiale koördinering* | *Versag: Gedeelde korridors; vroeë grondtoegangsraamwerke* |

# Impakte (positief & negatief) en versterkings/versagtingsmaatreëls

## Opsomming van konsepresultate (WP2)

## SOSIO-EKONOMIESE STELSELS

**Moontlike positiewe impakte / geleenthede:**


**Moontlike negatiewe impakte / risko's:**

| | |
|---|---|
| **[Scenario 0] Dinamiese basislyn "Geen hawe, geen SES, geen $GH_2$" (2023–2050)** | |
| **Toerisme en landbou kan voortbestaan indien landskappe ongeskonde bly** | **Aanhoudende werkloosheid en uit-migrasie** |
| *Versterk : Handhawing van landskapkwaliteit; ondersteuning van bewaringsgebaseerde toerisme* | *Versag: Plaaslike ekonomiese ondersteuningsprogramme* |
| **[Scenario 1] "Klein $GH_2$" (teen 2030)** | |
| **Werkskepping en vaardigheidsontwikkeling** | **Behuisingsdruk en 'boom'-dorp dinamika** |
| *Versterk : Plaaslike verkryging van goedere dienste, opleidingsgeleenthede* | *Versag: Werkerbehuisingstrategieë; gefaseerde konstruksie* |
| **[Scenario 2] "Groot $GH_2$" (teen 2050)** | |
| **Volgehoue streeksekonomiese diversifikasie, geleenthede vir beter institusionele kapasiteit, leierskap en bestuur** | **Druk op munisipale dienste, hoë risiko van ongelykheid en sosiale konflik** |
| *Versterk : Langtermyn vaardigheidsontwikkeling en lokaliseringstrategieë* | *Versag: Duidelike voordele-delingsraamwerke; bestuursversterking* |

# Aanbevelings - ruimtelike beplanning:

**Konsepresultate (WP2)**

- **Vermy sensitiewe areas →**
  - Richtersveld Wêrelderfenisgebied en buffers;
  - Kusduine;
  - Oranjerivier-korridor;
  - Kamiesberge;
  - Strategiese Waterbrongebiede;
  - Ongeskonde vleilande en panne;
  - En sensitiewe areas identifiseer tydens projek-spesifieke OIS prosesse
- **Teiken minder sensitiewe areas vir onwikkelling →**
  - Versteurde kusmyngebiede;
  - Binnelandse ariede vlaktes (geklusterde PV, met vermyding van water- en erfeniskenmerke);
  - Beplan gedeelde infrastruktuurkorridors (paaie, spoor, pypleidings, kragnetwerke).




**Boegoebaai $GH_2$ development programme scenarios (WP2)**

| | Small $GH_2$ 2025-2035 Sc1 | Big $GH_2$ 2035-2050 Sc2 |
|---|---|---|
| **$GH_2$ production capacity ambition (mtpa)** | **0.5** | **4.0** |
| **Total RE capacity required (GW)** | **10.0** | **80.0** |
| *RE capacity - solar* | ***6.0*** | ***48.0*** |
| *RE capacity - wind* | ***4.0*** | ***32.0*** |
| **RE land-take requirement* estimates (ha)** | | |
| *Solar PV footprints* | 12 000 | 96 000 |
| *Wind turbine footprints* | 4 000 | 32 000 |
| *Wind Energy Facility extents* | 40 000 | 320 000 |
| **Total RE footprints** | **16 000** | **128 000** |
| **Total RE extents** | **52 000** | **416 000** |

**RE accounts for > 70 % of space required for development to support the envisaged GH2 production scenarios*

*Areas of lower environmental sensitivity: 1 088 934 ha*

| | Sc1 | Sc2 |
|---|---|---|
| **% land-take in lower sensitivitie zones required to achieve GH2 ambition:** | **5%** | **38%** |

# Aanbevelings – strategiese beplanning

## Konsepresultate (WP2)

- Pas die **versagtingshiërargie** streng toe: **vermyding eerste, verrekening laaste.**
- Implimenteer **streeksvlak-biodiversiteitsverrekening.**
- **Konsentreer ontwikkeling in gedegradeerde / laer-sensitiwiteitslandskappe.**
- **Bondel lineêre infrastruktuur** in gedeelde korridors om fragmentasie te beperk.
- **Belê vroeg in anker dorpe** (Port Nolloth, Alexanderbaai, Springbok).
- **Opgradering en instandhouding van sleutelvervoerroetes**, veral die R382.
- **Versterk elektrisiteitsnetwerk en kapasiteit**.
- **Versterk munisipale bestuurskapasiteit.**
- **Vestig ’n multisfeer Boegoebaai-Interregerings-Stuurkomitee** om o.a. toesig te hou oor verantwoordelike en gevolglike oorweging van SOA-aanbevelings.
- **Inkorporeer FPIC en volgehoue betrokkenheid** as fondament vir sosiale legitimiteit en strategiese risikobestuur.
- **Vestig en implimenteer 'n Gemeenskaps-Onderhandelingsraamwerk** wat deur onafhanklike fasilitering ondersteun om deurlopende vertroue en sosiale lisensie bou.

# Ten slotte Konsepresultate (WP2)

- $GH_2$-ontwikkeling **kan wesenlik bydra** tot Suid-Afrika se energietransisie en streeks-ekonomiese diversifikasie, **maar die ontvangende omgewing is sensitief** i.t.w. ekologie, kultuur en sosio-ekonomie.
- Die Namakwa-streek is 'n uiters **waterbeperkte** landskap. $GH_2$-ontwikkeling kan bestaande **waterskaarste en diensleweringsuitdagings vererger**, maar bied ook **beduidende geleenthede vir watersekuriteit** deur deur seewaterontsouting.
- Sosio-ekonomie is die streek kwesbaar. $GH_2$ verwante infrastruktuurbeleggings **kan indiensneming, infrastruktuurverbeterings en ekonomiese diversifikasie stimuleer**…maar is sterk afhanklik van **doeltreffende bestuur, inklusiewe konsultasieprosesse, en sorgvuldige bestuur van in migrasie, dienslewering en plaaslike verwagtinge**.

***Toekomstige $GH_2$-ekonomie in die Noord-Kaap word nie deur 'n enkele omgewings- of sosiale faktor beperk of gedryf nie, maar deur die kumulatiewe interaksie van ekologiese sensitiwiteit, waterskaarste, institusionele kapasiteit en ruimtelike beplanningsvereistes.***

# Hoe sal die SOA uitsette gebruik word?

- **Inligtingsbron** (stand van sake ten tyde van die assessering), om verryk te word soos verdere studies en veldwerk gedoen word.
- **Vertrekpunt vir toekomstige ondersoek, beplanning en besluite** op strategiese, plaaslike en projek-vlak.
- **Verantwoording** van toekomstige ondersoek, beplanning en besluite.

# Volgende stappe:

- **Skryf asb enige kommentaar rakende dié sessie op die verskafde kommentaarvorms**.
- **Onthou asb om die register te teken.**
- Hierdie voorlegging gaan aanlyn vir die Werkgroep en wyer publiek aangebied word (in Engels, vroeg Mei, datum nog vas te stel).
- Die volle konsep **SOA WP2 verslag is beskikbaar vir publieke hersiening** vir 45 dae ~ 18 Maart 2026 to 08 Mei 2026.
- Verslag, insl. instruksies vir hoe om kommentaar op die verslag te lewer, is beskikbaar aanlyn → https://www.csir.co.za/boegoebaai-port.
- Nadat kommentaar ontvang is, word die WP2 verslag opgedateer (waar gepas), gefinaliseer en op die webtuiste gepubliseer (~ Jun 2026) – dit merk dus ook die einde van die SOA proses.
- WP1 is afgehandel en die finale verslag, insluitend kommentaar en antwoorde, is beskikbaar hier aanlyn → https://www.csir.co.za/boegoebaai-port.

# STRATEGIESE OMGEWING ASSESSERING

VIR DIE VOORGESTELDE
BOEGOEBAAI HAWE,SPESIALE EKONOMIESE SONE &
NAMAKWA-STREEK

**21 - 23 April 2026**

# Baie dankie vir u aandag en insette!

Kontak:
ems@csir.co.za
Projekwebtuiste:
https://www.csir.co.za/boegoebaai-port

bitly

CSIR
Touching lives through innovation

# Notas